Hoërskool Framesby
50
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 88: 10 Junie 2016

SOSIALE MEDIA EN MENSEREGTE?

Met die sensasie-soekende beriggewing in 'n plaaslike Engelstalige koerant vroeër hierdie week, waarin Framesby en Pearson deurgeloop het weens voorvalle van bakleiery by beide skole, kan met reg gevra word in watter mate hier verantwoordelik opgetree is en watter mate die regte van bepaalde individue misken is.

Die voorval wat by Framesby plaasgevind het is betreurenswaardig en kan onder geen omstandighede geduld word nie. Die voorval is onmiddellik aangemeld en deur die skool hanteer binne ons dissiplinêre stelsel, wat ook voorsiening maak vir bepaalde strafmaatreëls. Geweld op ons skoolgronde word in 'n uiters ernstige lig beskou en moet verkieslik met wortel en tak uitgeroei word. Tog sukkel sommige leerders om konfrontasie reg te hanteer en bly dit deurlopend 'n opvoedingstaak om ons kernwaardes tot so 'n mate te vestig dat ons hele skoolgemeenskap hierdie tipe optrede sal verwerp.

Dis egter die nadraai van hierdie onsmaaklike voorval wat die gevaarligte baie helder laat flikker. Die voorval is deur 'n leerder, en dalk deur meer as een, op video vasgelê, en daarna op die sosiale platform, Youtube, geplaas. Hierdie optrede mag op die oog af aanvaarbaar lyk, maar dit kan vir die betrokke individu baie groot implikasies inhou. Nie net dui dit op 'n absolute verwerping van enige vorm van lojaliteit teenoor ons skool nie, maar omdat die optrede van minderjariges sonder hul ouers se toestemming in die openbare domein geplaas is, is die menseregte van daardie minderjariges aangetas en kan dit strafregtelike vervolging of siviele regsaksies tot gevolg hê. Selfs die betrokke koerant stel homself bloot deur die video op hul webwerf te vertoon.

Die erns van hierdie saak kan nie genoeg beklemtoon word nie. Sosiale media-platforms soos Facebook, Instagram, Twitter, Youtube, en selfs WhatsApp, moet met die grootste omsigtigheid gebruik word. Dit gebeur heeltemal te maklik dat afbrekende en selfs lasterlike opmerkings op hierdie platforms gemaak word sonder dat die mense wat dit "post" ooit aan die wetlike implikasies dink. Deur bloot net 'n potensiëel lasterlike opmerking aan te stuur stel individue bloot aan vervolging. Juis omdat die sosiale media gesiglose kommunikasie moontlik maak, sien sommige individue maklik kans daarvoor om in 'n onbewaakte oomblik iets neerhalend van 'n ander te sê. Die grootste probleem is egter dat wanneer iets eers ge"post" is, dit nie weer teruggetrek kan word nie.

'n Verdere probleem met sosiale media is dat onnadenkende opmerkings baie maklik deur ongewenste persone gelees kan word. Mens weet nooit wie toegang het tot die platform waarop jy kommunikeer nie. Om byvoorbeeld 'n opmerking te maak dat jou ouers nie vanaand tuis is nie, of dat jy nie kan wag vir die gesinsvakansie van twee weke nie, kan maklik 'n uitnodiging wees vir iemand wat wederegtelik toegang het tot jou "profile"!

Kom ons roei alle vorme van bakleiery en boelie-agtige optrede totaal uit, maar kom ons raak ook baie meer verantwoordelik met ons hantering van sosiale media!

NISSAN MICRA om te wen!!

R100 'n kaartjie
Ondersteun hierdie veldtog!

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Larissa Swanepoel 11D

Sondag
Jaco Gerber 10E
Ilze van der Merwe 8E

Maandag
Simoné Massyn 10D
Lindsay Potgieter 11C

Dinsdag
Wihan Alberts 12B
Janha du Plessis 11G
Monique Horak 8B
Kim Olivier 8B
Matthew Smuts 10E
Angela Wait 10C

Woensdag
Wilandra Botha 12A
Zane Fourie 12C
Kian Vermeulen 8B

Donderdag
Morishca Minnie 9E

Vrydag
Elzahn de Lange 11A

FRAMESBY IS BESIG!

FONDSINSAMELINGSPROJEKTE TOENEMEND NOODSAAKLIK

As ‘n skool wat graag die beste vir al sy leerders wil bied is Framesby besonder gelukkig dat uitstekende fasiliteite oor die jare hier tot stand gebring is. Om egter kompeterend te bly vereis dat bestaande geriewe gedurig opgegradeer word, en dat nuwe fasiliteite tot stand gebring word. Hiervan is die behoefte aan ‘n “Astroturf”-hokkieveld ‘n sprekende voorbeeld.

Indien Framesby enigsins kompeterend wil wees in hokkie, en die beste moontlike geleentheid op ontwikkeling aan ons spelers wil bied, is die oprigting van ‘n Astroturf-baan ononderhandelbaar. Die realiteit is egter dat die oprigting van so ‘n baan etlike miljoene Rande gaan kos, en dat hierdie geld beslis nie uit ons ouergemeenskap deur middle van skoolfonds verkry kan word nie. Die enigste haalbare oplossing is om aggressief fondsinsamelingsprojekte van stapel te stuur wat nie net ons eie gemeenskap as teikenmark het nie.

Die Framesby Opvoekundige Trust is etlike jare gelede gestig met die hoofdoel om fondse in te samel ten einde die skool finansieël te ondersteun om veral kapitaalprojekte te help finansier. Hierdie Trust was vir lank redelik onaktief, maar die huidige trustees is vasbeslote om die Trust te laat groei tot ‘n vlak van waar dit moontlik is om projekte soos die oprigting van ‘n Astro ‘n daadwerklike hupstoot te gee.

In die toekoms sal ons oud-leerlinge beslis meer betrek word, maar op hierdie stadium word twee projekte van stapel gestuur. Die eerste is om tydens ons tuis-sportbepalings kosverkope deur vrywillige ouers te doen. Daar is reeds die afgelope Saterdag hiermee begin, en alhoewel ons nie noodwendig van groot geld praat nie, kon daar reeds ongeveer R6 000 in die Trust gedeponeer word. Ons sal binnekort met ons sportouers vergader om met die oorblywende tuiswedstryde hierdie poging nog meer suksesvol te maak.

Die GROOT projek vir hierdie jaar is egter die motorkompetisie wat deur die Trust geloods word. ‘n Nissan Micra word uitgeloot in die vorm van R100-kaartjies wat deur ons leerders verkoop sal word. Alhoewel die verkoop van lootjies dikwels ‘n negatiewe reaksie uitlok, wil ons u graag aanmoedig om hierdie projek te ondersteun en veral mense buite ons skoolgemeenskap te nader om kaartjies te koop. Elke leerder het vandag sy of haar pakkie van 10 kaartjies ontvang, sowel as ‘n verduidelikende brief. Vergewis u deeglik van al die reëlings en moedig u kind baie positief aan om hiermee werk iets tasbaars vir ons skool te doen.

CHEERLEADERS VROLIK SATERDAE OP!

Elke jaar probeer ‘n paar dogters om daadwerklik ‘n suksesvolle “cheerleading”-dansgroep op die been te bring, en in die meeste gevalle het dit al uitgeloop op ‘n redelik flou affêre. Vanjaar is dinge egter BAIE anders, en het ons hier te doen met ‘n uiters toegewyde en entoesiastiese groep dogters wat beslis GROOT waarde toevoeg tot ons tuiswedstryde.

Ons wil hierdie groep graag gelukwens met hul uitstekende vertonings tot dusver. Dit spreek van toewyding en harde werk, en dra beslis by tot ‘n feestelike atmosfeer. (Om nie eers te praat van hul bydrae om die gees te lig wanneer manne in die Bloktrui bietjie sukkel nie!). Baie dankie!! Doen so voort.

OUERBETROKKENHEID IS DIE SLEUTEL TOT GROEI

Soos gemeld in die berig hierbo oor fondsinsamelings, bepaal die mate waartoe die ouers van ‘n skool betrokke is by hul kinders en die skool se aktiwiteite, in ‘n groot mate of die skool groei en of dit stagneer en agteruitgaan. By Framesby is ons geseënd met groot getalle baie betrokke ouers. Dis egter ook ongelukkig waar dat die skool oor die laaste klompie jare baie min projekte aangepak het waarby ons ouers in groot getalle betrek is. Wanneer ons in die toekoms meer sulke projekte van stapel gaan stuur, wil ons u aanmoedig om u hulp aan te bied en positief by te dra tot die groei en ontwikkeling van ons skool. Dis slegs deur eerstehands betrokke te wees dat ons ouers sal kennis neem van bepaalde behoeftes en sodoende maklik kan deel in die toekomsvisie van ons personeel en Beheerliggaam. Dis u skool. Dis u kinders se toekoms.

FRAMESBY IS TROTS OP .....

10 O/15'S IN SENTRALE SUB-UNIE-SPAN!

Nadat daar vir lank reeds saamgestem is oor die behoefte aan 'n provinsiale O/15-rugbytoernooi, is hierdie droom uiteindelik bewaarheid, en sal daar vanjaar 'n Sub-unie-toernooi, soortgelyk aan dié van die laerskole, tydens die vakansie in Aliwal-Noord aangebied word (25 & 25 Junie). Hierdie toernooi sal onder andere dien as 'n geleentheid om talentvolle spelers te identifiseer sodat die keurders volgende jaar die beste O/16 Grant Khomo-span kan kies.

Framesby is deel van die Sentrale Sub-unie, en die proewe vir die kies van die Sub-unie-span is vroeër hierdie week gehou. Ons spelers het werklik uitgeblink en uiteindelik het nie minder nie as TIEN Framesby-manne die span gehaal. Dis regtig wonderlike nuus en bied aan hierdie spelers 'n groot geleentheid om die eerste tree te gee op die pad na 'n moontlik loopbaan in rugby. Dis egter ook 'n geleentheid om binne 'n verteenwoordigende span mee te ding met die beste O/15-spelers uit die hele provinsie.

BAIE geluk aan die volgende spelers wat die span gehaal het: Ruan Smith, Karl Puchert, Morné Prince, Danie van der Merwe, Tiaan Smit, Divan van Wyk, Jaundré Liebenberg, Caden-Wade Finnis, Gihahn Abrahams en Luhan Fourie. Mnr. Francois van der Walt is aangewys as die spanbestuurder en sal ook behulpsaam wees met die afrigting.

SPORT- EN KULTUURPROGRAM VOLGENDE KWARTAAL

Die derde kwartaal is altyd besonder besig. Ons matrieks is in 'n dolle akademiese jaagtog gewikkel om alle werk afgehandel te kry voordat die September-eksamen op Dinsdag 30 Augustus begin, terwyl die res van die skool ook maar jag om klaar te kry. Intusssen is daar 'n strawwe wintersport-program wat groot eise aan al ons sportmanne en –vroue sal stel. Hieronder is 'n uiteensetting van al die grootste bepalings. Elke week sal daar ook verskeie kleiner verpligtinge plaasvind, soos tennis- en muurbalwedstryde, landloopliga's, sowel as gholf- en skaakkragmetings. Intussen gaan die kultuurprogram volstoom voort met verskeie konserte en produksies wat sal plaasvind.

Week	Aktiwiteit en Spanne/Groepe betrokke	Datums
Week 1 18-24 Jul.	1ste Dogtershokkie – CTIHF-toernooi in Kaapstad Landloopliga Gholf vs Grey Rugby & Seunshokkie vs Grey (Alle spanne) (Weg) Netbal & Dogtershokkie (behalwe 1stes) vs Collegiate (Alle spanne) (Weg)	18 – 24 Julie 20 Julie 22 Julie 23 Julie 23 Julie
Week 2 25-31 Jul.	Muurbal-kampioenskappe Musiek-Trivia-aand Dogtershokkie 1ste span vs Collegiate Gholf vs Outeniqua (Weg) Rugby, Netbal, Dogters- en Seunshokkie (alle spanne) vs Outeniqua (Weg)	Hele week 22 Julie 26 Julie 29 Julie 30 Julie
Week 3 1-7 Aug.	Muurbal-kampioenskappe Fantasia: Woodridge College Arts Festival VCSV Koffiekroeg Rugby: 2des vs St. Johns (UK) (Tuis) Rugby & Netbal vs Otto du Plessis (Meeste spanne) (Tuis) Dogtershokkie & Netbal vs DSG (Weg)	Hele week Hele week 2 Augustus 4 Augustus 6 Augustus 6 Augustus
Week 4 8-14 Aug.	**Maandag 8 en Dinsdag 9 Augustus Vakansiedae** Muurbal-kampioenskappe Danseksamen Dogtershokkie (alle spanne) vs Riebeeck College Rugby (alle spanne) vs Oakdale (Tuis) Landloop: OP-kampioenskappe	 Hele week 12 tot 14 Aug. 13 Augustus 13 Augustus 13 Augustus
Week 5 15-21 Aug.	Kuns en Kultuur-koorfees (PE & Sondagsrivier) Muurbal-interhuis en afsluiting Landloop-interhuis en afsluiting Interskole vs Nico Malan (Tuis) Rugby, Netbal & Dogtershokkie (meeste spanne)	15 tot 19 Aug. 15 Augustus 17 Augustus 19 Augustus & 20 Augustus

ALGEMEEN EN SIELSKOS

DIE BEDRIEGLIKE HART

DIE Bybel leer ons dat die hart van die mens bedriegliker is as enigiets anders, ongeneeslik en onverstaanbaar (Jer. 17:9). Dit is 'n vreeslike oordeel, en dit is net begryplik dat ons meestal daarvan wegskram en ten minste in ons eie geval probeer volhou dat ons motiewe suiwer is en dat so 'n harde oordeel van ander mense kan geld, maar seker nie van ons nie.

Tog moet ons nie so seker daarvan wees dat hierdie woorde van die Bybel nie ook in ons geval letterlik waar is nie. Die bedrieglikheid van ons hart beteken onder meer dat hy onsself ook bedrieg en 'n rat voor ons eie oë draai. Hy gee ons die versekering dat ons motiewe suiwer is en help ons om hoë woorde en diepsinnige beginsels te vind wat dan sogenaamd die basis sou wees waarop ons houdings en standpunte rus. Maar in werklikheid kan die grond van al ons oorwegings tog maar ons eie selfsug wees. Ja, dit is selfs waar dat dit vir ander mense lankal duidelik is dat ons motiewe nie suiwer is nie, terwyl ons dit ten stelligste bly beweer en self ook glo.

Ons hart kamoefleer ons verkeerdheid, liefdeloosheid en trots so goed dat ons self werklik glo dat niks minder nie as die Bybel ons gebied om te dink soos ons dink en te doen soos ons doen. En terwyl ander mense lankal kan sien dat dit byvoorbeeld naakte rassisme en afkeer van andere, of loutere eiebelang is wat ons motiveer, hou ons vol dat ons net aan die Skrif getrou wil bly.

Juis omdat die hart so bedrieglik is, gebruik hy graag die godsdiens, die Bybel of verhewe ideale om ons te mislei. Niemand wil tog oop en bloot slegte dinge doen nie. Almal wil graag onder die illusie verkeer dat hulle vir 'n edel ideaal, vir reg en geregtigheid veg. Ons bedrieglike hart kom hierdie behoefte van tegemoet deur ons in te beeld dat ons vir 'n goeie saak staan. Hy sal veral probeer om ons te verseker dat God aan ons kant is en dat die dinge wat ons doen, lynreg in ooreenstemming met die eise van die Bybel is. Daarom moet juis godsdienstige mense - en teoloë - nie so seker daarvan wees dat godsdienstigheid hulle teen die bedrog van hul harte vrywaar nie.

Ons insig in die boodskap van die Bybel kan so maklik skeefgetrek word deur verborge motiewe in ons eie harte, en as ons nie daarvan bewaar word nie, kan ons andere met ons meeneem op 'n weg wat hul eie begeertes tegemoet kom en ons standpunte vir hulle daarom aanvaarbaar maak, terwyl dit tog 'n heillose weg is.

Die één gebed wat ons daagliks moet bid, is dat God ons moet deurgrond en ken, en dat Hy aan ons 'n onvervalste insig sal gee in die diepste motiewe van ons eie hart, sodat ons innerlik gereinig en gesuiwer kan word deur die bloed en die Gees van Christus

Uit *Die Burger* 1 Augustus 1987

ONDERSTEUN DIE HOPE JONES FOUNDATION

Die Hope Jones Foundation (onder die vaandel van die Framesby Filantrope) samel leesboeke (vir alle ouderdomsgroepe), CD's en DVD's in vir hulle **"67 MINUTE VIR MANDELA"**-veldtog. Indien u klaar gelees, gekyk en geluister het, en ons kan help met enige van die bogenoemde, sal dit hoog op prys gestel word. U kan dit saam met u kind skool toe stuur voor die einde van die kwartaal. Baie dankie vir u ondersteuning in hierdie poging!

EKSAMENROOSTER VIR VOLGENDE WEEK

Volgende week is daar net DRIE skooldae! BAIE STERKTE! Die rooster vir die week is as volg:

	Graad 8	Graad 9
Maandag 13 Junie	NW (FW) (1h)	SW (Gesk.) (50m)
Dinsdag 14 Junie	Eng. HL P2 (1h) Eng. FAL P2 (1h)	Wisk. (2h)
Woensdag 15 Junie	SW (Geo) (1h)	Afr. 2 (1h10m)

Graad 10		
	Oggend	**Middag**
Maandag 13 Junie	FW V2 (1½h)	
Dinsdag 14 Junie	Eng. HL P1 (2h) Eng.FA P1 (1½h)	IGO (2h)
Woensdag 15 Junie	LW (2½h)	

Graad 11		
	Oggend	**Middag**
Maandag 13 Junie	CAT V1 (3h)	IT V2 (3h)
Dinsdag 14 Junie	Wisk. V2 (2h) Wisk.G. V2 (1½h)	
Woensdag 15 Junie	LO (1½h)	CAT V2 (2h)

Graad 12		
	Oggend	**Middag**
Maandag 13 Junie	FW V1 (3h)	
Dinsdag 14 Junie	Afr. V1 (2h)	IGO V2 (3h)
Woensdag 15 Junie	BS (3h)	